

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2019/08/19		DATUM 2019/08/16		+ - WEEK GELEDE 2019/08/12		+ - MAAND GELEDE 2019/07/22		+ - JAAR GELEDE 2018/08/20				
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
Brent (\$/b)	58.22	0.97 ↑	1.7%	57.25	↓	-0.2%	58.35	↓	-8.2%	63.39	↓	-19.5%	72.30
US\$: ? ZAR	15.22	0.060 ↑	0.4%	15.16	↓	-0.3%	15.26	↑	9.4%	13.91	↑	5.5%	14.43
ACBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 222.96	71 ↑	3.3%	R 2 152.12	*CBOT Sep cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Sep + -12 : 00 the previous day								
ACBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 631.78	19 ↑	0.7%	R 2 612.49	*CBOT Sep cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Sep + -12 : 00 the previous day								
ACBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 849.72	70 ↑	1.5%	R 4 779.36	*CBOT Aug cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Aug + -12 : 00 the previous day								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Mielies Sep '19	371.00	10.40 ↑	2.9%	360.60	↓	-4%	385.20	↓	-12%	422.20	↓	-7%	400.00
Koring Sep '19	470.60	1.60 ↑	0.3%	469.00	↓	0%	471.60	↓	-3%	487.20	↓	-21%	592.40
Sojabone Sep '19	867.20	9.20 ↑	1.1%	858.00	↑	0%	866.60	↓	-3%	894.00	↓	-7%	932.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))													
SORGHUM	3288.00	0	0.0%	3288.00	↑	0.2%	3280.00	↑	0.2%	3280.00	↓	-8.7%	3600.00
WMAZ Spot	2933.00	10 ↑	0.3%	2923.00	↓	-3.3%	3032.00	↑	2.5%	2862.00	↑	25.9%	2329.00
WMAZ Sep '19	2949.00	7 ↑	0.2%	2942.00	↓	-3.8%	3065.00	↑	1.3%	2911.00	↑	25.9%	2343.00
YMAZ Spot	2768.00	-3 ↓	-0.1%	2771.00	↓	-4.4%	2896.00	↑	0.6%	2752.00	↑	15.1%	2405.00
YMAZ Sep '19	2779.00	-4 ↓	-0.1%	2783.00	↓	-5.1%	2928.00	↓	-0.9%	2803.00	↑	14.9%	2419.00
SOY Spot	5682.00	-33 ↓	-0.6%	5715.00	↓	-2.0%	5800.00	↑	7.0%	5310.00	↑	23.5%	4599.00
SOY Sep '19	5676.00	-42 ↓	-0.7%	5718.00	↓	-2.0%	5792.00	↑	6.1%	5350.00	↑	22.8%	4621.00
SUN Spot	5487.00	-1 ↓	0.0%	5488.00	↓	-1.0%	5544.00	↑	9.6%	5005.00	↑	9.4%	5015.00
SUN Sep '19	5526.00	3 ↑	0.1%	5523.00	↓	-1.2%	5592.00	↑	8.5%	5091.00	↑	9.8%	5031.00
WHEAT Spot	4717.00	67 ↑	1.4%	4650.00	↑	2.8%	4590.00	↑	4.8%	4502.00	↑	8.9%	4330.00
WHEAT Sep '19	4683.00	14 ↑	0.3%	4669.00	↑	1.9%	4597.00	↑	4.1%	4500.00	↑	7.5%	4355.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/08/16	Bron: Oilworld			2019/08/09	2019/03/22	2018/04/30						
Soya-oil, Arg.	678	↑	2.0%	665	↓	-1%	685	↑	0%	676			
Soya-pell, Arg.	302	↓	-2.3%	309	↓	-7%	326	↓	-18%	368			
Soybean, USA	366	↑	0.8%	363	↓	-3%	379	↓	-11%	410			
USA Runner 40/50	1300	↑	0.0%	1300	↑	0%	1300	↑	0%	1300			
Sun-oil, Arg.	740	↑	0.0%	740	↑	1.1%	665	↓	-8%	800			
Sun-oil, Black Sea	765	↓	-1.0%	773	↑	1.3%	675	↑	2%	750			
Sunseed,Black Sea	332	↓	-1.5%	337	↓	-10%	370	↓	-19%	409			
Rapeseed, EU cif	420	↑	1.0%	416	↑	1%	417	↑	5%	399			
Palm oil Mal, EU	605	↑	3.4%	585	↓	-16%	720	↓	-42%	1037			

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Alhoewel die internasionale sojaboon produksie vir die 2019/20 seisoen met ongeveer 17.2 miljoen ton behoort te daal vanaf die vorige seisoen se produksie sal daar steeds genoegsame voorrade beskikbaar wees. Daar is steeds baie onsekerhede in terme van die seisoen se sojaboon produksieverwagtinge, waarvan die grootste een seker die weerstoestand in die Noordelike halfrond vir die volgende 4 tot 8 weke die grootste is. Die groot internasionale voorrade is hoofsaaklik as gevolg van die groot sojaboon oordragvoorraad nadat die Amerikaanse uitvoere gedurende die 2018/19 seisoen aansienlik laer as normaal was. Die verwagting in die mark is ook dat Suid-Amerika se sojaboon oppervlakte vir die 2019/20 seisoen ongeveer 60 miljoen hektaar sal wees wat die grootste oppervlakte aangeplant tot dusver in Suid-Amerika sal wees. Indien die weersomstandighede in Suid-Amerika normaal en gemiddelde opbrengste realiseer vir die seisoen kan die Suid-Amerikaanse produksie ongeveer 6 miljoen ton meer wees as die vorige seisoen se produksie. Die verwagte daling in die sojaboon produksie in die Noordelike halfrond sal die wêreld meer afhanklik maak van lande in die Suidelike halfrond vir invoer doeleindes. Dus sal die Suid-Amerikaanse weerstoestand baie kritiek wees vir die 2019/20 seisoen en sal hulle goeie produksies moet hê. In terme van die wêreld verbruik is die verwagting dat dit die produksie vir die seisoen met ongeveer 9 miljoen ton sal oorskry wat sal veroorsaak dat die eindvoorraad aan die einde van die 2019/20 seisoen weer effens sal afneem vanaf die verwagte rekord eindvoorraad aan die einde van die 2018/19 seisoen van 110 miljoen ton. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week meestal onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Sonneblomsaad: In Rusland en die Oekraïne was die weerstoestand die afgelope paar weke baie gunstig met normale temperature en reën wat op die regte tye voorgekom het. Dit was hoofsaaklik in 'n belangrike tyd vir die sonneblomsaad seisoen en dit het die produksieverwagtinge in hierdie lande effens verbeter vanaf die vorige maand se skatting. Die verwagte sonneblomsaad produksie in die Oekraïne is 15.1 miljoen en die verwagte produksie in Rusland ongeveer 12.9 miljoen ton. Die wêreld sonneblomsaad produksie vir die seisoen word op 52.6 miljoen ton geskat wat gelykstaande is aan die vorige wêreld rekord produksie. Die goeie wêreld produksie tesame met die relatiewe hoë oordragvoorraad vir die seisoen sal die wêreld sonneblomsaad voorraad vir die 2019/20 seisoen op 'n nuwe hoogtepunt van 56.5 miljoen ton te staan bring. Die verwagting is dat die verwerking van sonneblomsaad in lande soos Rusland, die EU en Turkye behoort toe te neem hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die week.

Kanola: In die EU is die analiste van mening dat die kanola pryse daar tans nog ondergewaardeer is aangesien daar hierdie seisoen 'n redelike groot tekort aan kanola in die EU behoort te wees. Die nuutste amptelike data toon aan dat die kanola oppervlakte wat hierdie seisoen in Duitsland, Frankryk en die Tsjeggiese Republiek gestroop sal word laer sal wees as die vorige geskatte oppervlakte. Die opbrengsverwagtinge in hierdie lande is ook laer as die vorige skatting en die EU se kanola produksie vir die seisoen word op 17.1 miljoen ton geskat wat 14% laer is as die vorige seisoen se produksie. In Kanada is daar steeds groot hoeveelhede kanola beskikbaar wat die Kanadese kanola pryse onder druk hou. Die verwagting is dat die verwerking en uitvoere van Kanadese kanola sal toeneem gedurende die 2019/20 seisoen. Dit sal hoofsaaklik aangevuur word deur die laer pryse en groot hoeveelhede beskikbare voorraad. **Plaaslik:** In die plaaslike mark lyk die produksieomstandighede van kanola in die Weskaap redelik gemeng. In sekere gebiede lyk dit goed terwyl ander gebiede steeds dringend reën kort.

Grondbone: Die wêreld grondboon produksie word op 29.6 miljoen ton geskat vir die 2019/20 seisoen wat 0.3% meer is as die vorige seisoen se produksie. Alhoewel die produksie effens hoër geskat word as die vorige seisoen se produksie is dit steeds relatief laag en is die verwagting dat die wêreld verwerking van grondbone sal afneem hierdie seisoen. Dit kan veroorsaak dat die grondbone verdere marktaandeel in die direkte voedsel markte sal verloor. In die USA is die verwagte produksie vir die seisoen teen 'n 5 jaar laagtepunt en 3% minder as die vorige seisoen se produksie. In Argentinië was die grondboon produksie vir die seisoen gunstig gewees en Argentinië het 'n nuwe rekord oes vir die seisoen behaal. **Plaaslik:** In die plaaslike mark was hierdie seisoen 'n baie swak grondboon produksie jaar gewees. Die lae produksie het Suid-Afrika weer in 'n baie sterk netto invoer situasie geplaas en tans lyk dit of hierdie tendens moontlik kan voortduur in die komende seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za